



Verwysing: 20170111-7180

13/7/1/2

Navrae: TJ Magwaca

Asseseringsbestuursminuut: 0002/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunkdirekteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Eerste konseproosters:

1. Junie 2017 Senior Sertifikaat-eksamen

2. November 2017 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

1. Afskrifte van die **eerste konsepte** van die roosters vir die volgende eksamens is [aangeheg](#): Junie 2017 Senior Sertifikaat-eksamen en 2017 November Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.
2. Die datums waarop die eksamens geskryf sal word, is bepaal deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) in samewerking met die Provinsiale Onderwysdepartemente (POD's). Die roosters mag effens verander indien 'n botsing deur enige van die POD's gerapporteer word.
3. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om alle roosterbotsings of vakke wat op die rooster uitgelaat mag wees, te rapporteer aan die WKOD. Sodanige verslae moet skriftelik **voor Vrydag, 24 Februarie 2017** ingedien word by die volgende amptenaar:

Mnr TJ Magwaca (Kamer 5-27)

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Privaatsak X9114

KAAPSTAD

8000

Faks: 086 668 9761 / 021 467 9370

E-posadres: Tebo.Magwaca@westerncape.gov.za

4. Indien 'n prinsipaal of sentrumbestuurder die verskuiwing van 'n vak of vraestel vanaf die bepaalde datum versoek, moet hy of sy die datum voorstel waarop daardie vak of vraestel geskryf kan word en die WKOD voorsien van die motivering vir die verlangde verskuiwing. Die verskuiwing van 'n vak of vraestel sal egter slegs oorweeg word indien dit nie 'n negatiewe impak sal hê op die meeste kandidate wat deur die verskuiwing geraak word nie.
5. Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie **voorlopige** roosters is wat onderhewig is aan verandering. Die **finale eksamenroosters** sal gestuur word aan alle inrigtings sodra hulle goedgekeur is deur die Raad van Onderwysministers.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle kandidate wat enigeen van die bogemelde eksamens sal skryf.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-01-17